Gedragskode

Die Plaaslike Toerisme Organisasie (PTO) is ‘n professionele organisasie wat toegewy is tot samewerking met en bevordering van besighede wat voldoen aan ‘n hoë standaard diens en professionaliteit. Om te verseker dat ons dit bereik, vereis ons dat u die volgende gedragskode onderteken.jn

1. Handhaaf hoë standaarde van hoflikheid & gasvryheid en verseker dat fasiliteite en dienste geskik is.
2. Beskryf eerlik aan alle besoekers & voornemende besoekers die fasiliteite & dienste wat verskaf word deur die besigheid, of dit deur advertensie, brosjure, mondelings of enige ander wyse gedoen word.
3. Indien die besoeker dit versoek, hom/haar ‘n regverdige geleentheid te gee, om voor registrasie, dienste/fasiliteite te besigtig, as die uitleg van die fasiliteit dit toelaat.
4. Wees duidelik teenoor besoekers wat presies ingesluit is in die gekwoteerde tarief, insluitend belastings en heffings (waar van toepassing). Gee duidelike inligting van kostes vir addisionele dienste en fasiliteite beskikbaar.
5. Gee aan elke besoeker, op versoek, inligting van betalings verskuldig en ‘n kwitansie, indien nodig.
6. Dat bestaande tariewe eerbiedig word en nie oorskry sal word nie en dat gaste, voor registrasie, ingelig sal word van enige verandering in tariewe.
7. Hanteer alle navrae, besprekings, korrespondensie en klagtes van besoekers op ‘n spoedige en hoflike wyse.
8. Verseker, binne die beperking van wetlike aanspreeklikheid, die veiligheid van gaste en hul besittings.
9. Verseker dat gaste nie teen gediskrimineer word op ‘n onaanvaarbare wyse nie, nieteenstaande die operateur se Reg van Toegang - beleid.
10. Die aktiewe bewaring en verbetering, waar moontlik, van die omgewing en ervarings van toeriste in die Wes-Kaap.
11. Implementeer wetlike, gesonde, veilige en regverdige werksomstandighede, dra by tot gelyke werksgeleenthede en ondersteun menslike hulpbronontwikkeling deur opleiding.
12. Om ‘n verteenwoordiger van die Plaaslike Toerisme organisasie redelike toegang te gee tot ‘n besigheid om te bevestig of die besigheid voldoen aan die minimum vereistes, waar van toepassing.
13. As ‘n lid van Ceres Toerisme sal ek myself daarvan weerhou om die munisipaliteit, ampsdraers en/of munisipale amptenare in die openbaar te kritiseer. Alle klagtes ten opsigte van enige munisipale besluit en/of gedrag sal na die Voorsitter van die Toerismeportefeuljekomitee van die Raad verwys word.
14. Behandel Ceres Toerisme se personeel en verteenwoordigers altyd met die nodige respek en agting.

Ek, die ondergetekende verstaan dat voortgesette deelname onderworpe is aan:

- Nakoming van die Gedragskode
- Die betaling van alle fooie met ontvangs van faktuur.
- Voldoening aan alle relevante minimum vereiste kriteria en inspeksie vereistes
- Om die Plaaslike Toerisme-organisasie binne 14 dae in kennis te stel van enige verandering in inligting vervat in die lidmaatskap-aansoek.

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verstaan die gedragskode en sal volgens die vereistes vir lidmaatskap handel.

Handtekening van Lid: _____ Datum: _____

CERES TOURISM
CERES - PRINCE ALFRED’S HAMLET - KOUE BOKKEVELD - CERES KAROO
1 Voortrekker Road, Ceres, South Africa, PO Box 563, Ceres, 6835
Telephone: +27 (0) 23 316 1287 Fax: +27 (0) 86 5050 455 E-mail: info@ceres.org.za
www.ceres.org.za